



GRAAD 10

KWARTAAL 2

AFRIKAANS HUISTAAL

TAAK 7 / JUNIE-EKSAMEN/ VRAESTEL 3

Tydsduur : 2½ uur

TotalePunte : 100

Datum : 3 Junie 2019

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

AFDELING A: Opstel 50 punte

AFDELING B: Langer transaksionele tekste (2x25) 50 punte

2. Beantwoord EEN vraag in afdeling A en TWEE vrae in afdeling B.

3. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

4. Jy moet jou werk beplan (bv. 'n breinkaart/diagram/ vloeidiagram/ kernwoorde) proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

5. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die numeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

6. Die titel / opskrif word NIE in ag geneem by die tel van die woorde.

7. Bestee jou tyd as volg:

AFDELING A: ongeveer 80 minute

AFDELING B: ongeveer 35 minute elk.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n verhalende, beredenerende of feite opstel van 300 - 350 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe .
- Skryf asb. die nommer van jou keuse en die titel bo-aan jou opstel.
- Handig asb. jou beplanning saam met die vraestel in

1.1 ***Mense en dinge wat my hare laat rys!*** [50]

1.2 'n Ongewone besoeker op Houtbaai se strande. [50]

1.3 “ Ry 'n draai op 'n dikwielfiets, [50]
Suig die outydse sweetie in jou kies,
Laat jou hart op die reënboog ry,
Maak tyd om elke dag
'n rukkie weer kind te bly.” – Antoinette Hill

1.4 *On 'n oogwink het alles verander.* [50]

1.5 *'n Selfoon oomblik wat ek vir altyd wil bewaar.* [50]

1.6 Kies EEN van die onderstaande prente en ontwikkel jou eie tema.

- Die aard van die opstel kan verhalend, beredenerend, feitlik, betogend of bespiegelend wees.
- Nommer asb. duidelik en gee jou opstel 'n opskrif / titel.
- Daar moet 'n duidelike konnotasie tussen jou opstel en die prent wees

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

1.6.4



[50]

AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE**VRAAG 2**

- Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf 180-200 woorde oor elkeen.
- Jy moet bewys lewer van jou beplanning en redigering en dit saam ingee. Du jou finale produk duidelik aan.
- Skryf die nommer EN die titel neer bv. 2.1 Koerantartikel.

2.1 KOERANTARTIKEL

[25]

**Verwoestende veldbrand eis lewens en rig
duisende rande se skade aan.**

Skryf 'n koerantartikel oor die veldbrand in jou omgewing.

2.2 BRIEF AAN DIE PERS

[25]

Daar is tans hordes Afrikaanse Kunstefeeste in Suid-Afrika wat jaarliks van krag tot krag gaan.

Skryf 'n brief aan die pers waarin jy jou gevoel of ervarings van so 'n kunstefeeste op skrif stel. Dit kan positief of negatief wees.

Rig jou brief aan:

Die Redakteur

Die Huisgenoot

Posbus 1010

Johannesburg

2233

2.3 HULDEBLYK

[25]

'n Geliefde skoolmaat vir wie jy baie omgee het, is in 'n motorongeluk oorlede. Aangesien jy nie die begrafnisdiens kan bywoon nie vra jy dat hulle asb. jou huldeblyk aan hom/haar sal voorlees. Skryf die huldeblyk.

2.4 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

[25]

Jy was die gelukkige wenner van 'n toer vir twee na 'n land van jou keuse. Skryf 'n brief aan 'n vriend / in of 'n neef of niggie waarin jy hom saam nooi en vertel wat julle alles gaan doen.

2.5 AANSOEK OM WERK

[25]

Die volgende advertensie het in die koerant verskyn:



Verdien sakgeld oor naweke by

LEKKER EET RESTAURANT

Werk as kelner / kelnerin

Vereistes: Bo 16 jaar

Moet kan rolskaatse ry

Rig jouaansoekaan:

Die Bestuurder

LEKKER EET RESTAURANT

Posbus 234

Pretoria

2121

2.6 DIALOOG:**[25]**

Dit is duidelik dat die meisie nie baie beïndruk is met haar vriend se rookgewoontes nie.

Skryf die dialoog wat jy dink tussen hulle plaasvind neer.

GROOT TOTAAL:**[100]**

ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL: AFRIKAANS HUISTAAL [50 PUNTE]					
KRITERIA	Uitsonderlik	Knap	Gemiddeld	Elementêr	Onvoldoende
INHOUD & BEPLANNING Respons op en idees in teks; Organiserings van idees; Doel, gehoor en konteks van teks. 30 PUNTE	27-30	22-23	15-17	9-11	3-5
	Uitstaande en treffende respons - bo verwagting; Intelligent, stem leser tot nadenke, volwasse idees; Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) is uitsonderlik en samehangend. 24-26	Goed saamgestelde respons; Idees oortuigend, interessant, toon bewyse van volwassenheid; Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) is baie goed en samehangend. 18-21	Bevredigende respons; Idees is oortuigend en redelik samehangend; Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) is redelik samehangend. 12-14	Elementêre respons; Idees is onoorpronklik en onduidelik; Samehang is inkonsekwent. Geringe bewys van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) en samehang. 6-8	Ontoepaslike respons; Idees is deurmeekaar en ongefokus. Ongeorganiseer en onsamhangend. 0-2
TAAL, STYL & REDIGERING Toon, register, styl en woordeskat; doel/effek en konteks; Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, punktuasia, grammatika en spelling 15 PUNTE	14-15	10-11	6-7	2-3	0
	Uitmuntende respons, maar uitstaande en treffende eienskappe ontbreek; Volwasse en intelligente idees; Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) is knap en samehangend. 12-13	Goed saamgestelde respons; Toepaslike en interessante idees; Organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) is goed en samehangend. 10-11	Bevredigende respons, maar soms is daar mistasings; Idees is redelik samehangend en oortuigend; In 'n mate bewys van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) en samehang. 6-7	Groefliks ontoepaslike respons; Idees is onsamhangend en verwarrend; Weinig bewyse van organisasie (inleiding, liggaam en samevatting/ slot) en samehang. 2-3	Idees is ontoepaslik en nie geskik nie; Geen respons op teks; Ongefokus en verwarrend. 0
STRUKTUUR Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE	40-50	30-39	20-29	10-19	0-9
	Toon, register, styl en woordeskat is uitstekend en hoogs gepas vir doel, gehoor en konteks; Taalgebruik is uitsonderlik, treffend en met selfvertroue; Toon uters gepas; retoriese effektiwiteit; Grammatika en spelling feitlik foutvry; Samestelling is baie knap. 12-13	Toon, register, styl, woordeskat baie gepas vir doel, gehoor en konteks; Taalgebruik is goed en effektief; retoriese effektiwiteit; Grammatika en spelling is amper foutvry; Samestelling is knap. 8-9	Toon, register, styl, woordeskat is gepas vir doel, gehoor en konteks; Taalgebruik is gepas; dra betekenis oor; Toon is gepas; retoriese middels versterk betekenis; Foute in grammatika; spelling van retoriese middels. 4-5	Toon, register, styl, woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie; Taalgebruik is basies; Toon en taalgebruik is ontoepaslik; Woordeskat is beperk. 0-1	Taal is onverstaanbaar; Toon, register, styl en woordeskat is nie gepas vir doel, gehoor en konteks nie; Woordeskat is so beperk dat dit moeilik is om opstel te verstaan. 1
STRUKTUUR Kenmerke van teks; Paragraafontwikkeling en sinskonstruksie 5 PUNTE	40-50	30-39	20-29	10-19	0-9
Uitstaande ontwikkeling van onderwerp; Uitsonderlike besonderhede; Samestelling van sinne en paragraawe uitstaande. 5	Logiese ontwikkeling van besonderhede; Samehangend; Sinne, paragraawe logies en verskillend/verskeidenheid. 4	Toepaslike idees ontwikkel; Sinne, paragraawe ontwikkel; Opstel verstaanbaar. 3	Sommige geldige idees. Sinne en paragraawe het foute Opstel maak tog sin t.s.v. baie foute. 2	Nodige idees ontbreek. Sinne en paragraawe wemel van foute. Opstel maak nie sin nie. 1	
VERSPREIDING VAN PUNTE	40-50	30-39	20-29	10-19	0-9

ASSESSERINGSRUBRIEK: TRANSAKSIONELE TEKS: [25 PUNTE]

Iteria	Uitsonderlik 12 – 15	Knap 9 – 11	Gemiddeld 6 – 8	Elementêr 4 – 5	Onvoldoende 0 – 3
INHOUD, BEPLANNING & FORMAAT <ul style="list-style-type: none"> • Resposns op teks. • Organisering van idees. • Organisering van idees. • Bewys van doel, gehoor en konteks van teks. <p>(15)</p>	<p>1. Resposns: Uitsaande en treffend. Bo verwagting. Intelligent en volwasse. Grondige kennis van kenmerke van teks. Skryfstuk behou fokus.</p> <p>2. Idees en inhoud: Samehangend. Uitgebreed en behou fokus.</p> <p>3. Formaat: Gepas en akkuraat.</p>	<p>1. Resposns: Baie goeie resposns. Toon 'n goeie kennis van kenmerke van teks. Behou fokus.</p> <p>2. Idees en inhoud: Geen afwyking nie. Samehangend, uitgebreid en detail ondersteun onderwerp.</p> <p>3. Formaat: Gepas. Geringe afwykings.</p>	<p>1. Resposns: Volboende. Toon kennis van kenmerke van teks. Toon tekens dat fokus behou word. Enkele afwykings.</p> <p>2. Idees en inhoud: Inhoud en idees roebelik samehangend, Sommige detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>3. Formaat: Onwegend gepas, maar afwykings kom voor.</p>	<p>1. Resposns: Basies. Toon geringe kennis van kenmerke van teks. Behou nie fokus nie en wyk af.</p> <p>2. Idees en inhoud: Nie altyd samehangend nie. Baie min detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>3. Formaat: Onseker van formaat van teks. Enkele en kritiese nalatige foute.</p>	<p>1. Resposns: Toon geen kennis van kenmerke van teks nie. Betekenis is onduidelik.</p> <p>2. Idees en inhoud: Geen samehang in idees en inhoud nie. Geen detail ondersteun die onderwerp nie.</p> <p>3. Formaat: Formaat van teks nie toegepas nie.</p>
TAAL, STYL & REDIGERING <ul style="list-style-type: none"> • Toon, register, styl en woordeskat is geskik vir doel / effek en konteks. • Woordkeuse, taalgebruik en konvensies, puntkuase, grammatika en spelling. <p>(10)</p>	<p>1. Toon, register, styl, woordeskat: Hoogs geskik vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. Grammatika: Akkuraat. Struktuur baie goed. Feitlik foutloos.</p>	<p>1. Toon, register, styl, woordeskat: Baie geskik vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. Grammatika: Oor die algemeen korrek. Struktuur goed. Feitlik foutloos.</p>	<p>1. Toon, register, styl, woordeskat: Geskik vir doel, gehoor en konteks.</p> <p>2. Grammatika: Enkele grammatikafoute. Foute belemmer nie betekenis nie.</p>	<p>1. Toon, register, styl, woordeskat: Pas nie altyd by doel, gehoor en konteks nie.</p> <p>2. Grammatika: Grammatika onakkuraat met baie foute. Betekenis onduidelik.</p>	<p>1. Toon, register, styl, woordeskat: Nie geskik vir doel, gehoor en konteks nie.</p> <p>2. Grammatika: Besaal met foute. Betekenis onduidelik.</p>